# Henk se Hoekie

Sedert die ontstaan van fotografie het fotograwe die lewe in al sy fasette met hulle kameras vasgevang. Dit het gewissel van die verskrikking van oorloë, tot die wonderbaarlike mooi van die skepping in al sy fasette.

Dit is nie so belangrik wat jy as sulks afneem nie, maar dat jy jouself met passie uitleef deur jou kamera en lens. Onlangs het ek weer met verwondering geluister na die foto-reis van fotograwe wie al baie dekades hulself uitleef deur hulle fotografie. As fotograaf sal jy altyd ‘n storie hê om te vertel, en op die koop toe sal jou storie ondersteun kan word deur jou fotos. Daar sal altyd uitgebrei kan word oor die leeuvangs, die ongelooflike uitsigte van ‘n landskap, die ure se wag in ‘n “hide” om net die regte foto te kry, die “jag” van ons kleiner gediertes met ‘n makro-lens ens. Daar sal ook die oomblikke van hartseer en uitbundige vreugde wees.

Die geleenthede vir fotos neem is onbeperk. Die enigste beperking is wat jy vir jouself skep. Moet nooit toelaat dat dit so wees nie.

Foto Groete

Henk